



Gereformeerde Skool Dirk Postma

Info: 19 Julie 2019

Direkteur

Geagte lede, ouers, vriende en personeel

"Vier is dit wat klein is op die aarde, maar hulle is uitermate wys: die miere is nie 'n sterk volk nie, en tog berei hulle hul voedsel in die somer; die klipdassies is nie 'n magtige volk nie, en tog maak hulle hul huis in die rots; die sprinkane het geen koning nie, en tog trek die hele swerm in goeie orde uit; die geitjie kan jy met die hande gryp, en tog is hy in die konings se paleise." Spreuke 30:24-28.

Ek kyk vanoggend by die venster uit en sien almal op die skoolterrein werkskaf en skarrel, kinders na hulle klasse, onderwysers wat nog 'n laaste opdrag moet gaan haal of afgee, die admin personeel wat moet seker maak alles is reg vir die wat vir inligting gevra het.... Die kwartaal is weer aan die gang, almal het lekker gerus, maar nou hardloop ons alweer.

Met gedagtenis aan Spreuke 30 weet ons net, die HERE is in beheer. Al ons geskarrel en gehardloop is ook onder Sy beheer, deel van Sy raadsplan. *"Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe"* Psalm 104:23. Ons word ook herinner dat *"Die seën van die HERE – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie"* Spreuke 10:22.

Baie sterkte aan elkeen vir die derde kwartaal en tweede helfte van die jaar, mag dit suksesvol en vol vertroue in goeie orde voortgesit word, sodat ons ook daarin die seën van Spreuke 10 mag ervaar.

Vriendelike Dirkie-groete

Dr Douw Boshoff

Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL
0134

Fisiese adres:
Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY
0186

Telefoonnommer:
(012) 332-3222

Faksnommer:
086-750-2505
086-567-5729

e-posadres:
gsdp@gsdp.org.za

webadres:
www.gsdp.org.za

Beplanner

Vervang hierdie "beplanner" elke tweede week. Plaas dit op u yskas - dan is die belangrike datums en gebeure van die skool byderhand.

JULIE			
19	Vr	Laerskool	Verkoping: Gr 7-afskied
25	Do	Hoërskool	Toetsreeks begin
		DirkiesKoop	Bestellings sluit
26	Vr	GSDP	Info
		Laerskool	Verkoping: Gold Reef City 2019
31	Wo	DirkiesKoop	Produkte haal
AUGUSTUS			
2	Vr	Laerskool	Verkoping: Biblioteek
8	Do	Laerskool	Verkoping: Veldskool 2020
9	Vr	GSDP	Nasionale Vrouedag - GSDP gesluit
			GSDP - BERGWEDLOOP - Ouer inisiatief!
12	Ma	Laerskool	Toetsreeks begin
15	Do	DirkiesKoop	Bestellings oop
16	Vr	GSDP	Info
		Laerskool	Verkoping: Gold Reef City 2019
17	Sa	Kleuterskool	Konsert
	Do	DirkiesKoop	Bestellings sluit

Algemeen

PERSONEEL

Verjaarsdae: Baie geluk aan ons Hoërskoolhoof wat vandag verjaar. Ons wens u die onmisbare seën van ons Hemelse Vader toe. Mag hiedie lewensjaar vir u vol vreugde wees.

19 Julie: Mnr Jaco Pretorius

Linda Meijer: Met dankbaarheid het ons verneem dat dit voorspoedig gegaan het met Linda se onlangse knieervangingsoperasie. Sy word vandag moontlik ontslaan om verder tuis aan te sterf. Ons wens haar en Hans alle sterkte toe met die herstelproses wat voorlê.

VERWELKOMINGS

Ons wens die gesin Botha hartlik welkom in Dirk Postma.

Andrea in Gr R en Christopher in Gr 4 - Baie welkom! Ons vertrou julle sal sommer gou tuisvoel en baie maats maak.

GSDP - "TRAILRUN"

Vrydag, 9 Augustus 2019: Ons jaarlikse Bergwedloop is om die draai.

Kom ondersteun ons asseblief in hierdie **ouer-aksie!** Ons benodig nog beamptes vir die dag, en gewillige hande. Ons wil ook borge en pryse buite die GSDP-"familie" bekom. Enige borge of pryse, groot of klein, word verwelkom.

Kontak mnr Hendrik Mattheus indien u betrokke wil raak. (072 461 6620).



**Bergpretloop 9 Augustus 2019
SKENK N BOTTEL 2 L Coke!
Laerskoolkantoor voor of op
5 Augustus 2019**

BETALINGS

Kaartfasilitiet: GSDP beskik oor 'n kaartfasiliteit wat gedurende skoolure by die laerskool beskikbaar is. Ons wil probeer om so min as moontlik kontant op die perseel te hanteer. Met in- / uitstappie-briewe sal ons noem of die betalings per kaartmasjien kan geskied. Ons versoek dat u asseblief hiervan gebruik sal maak.

Hoërskool

TOETSREEKS

Die hoërskool se toetsreeks begin volgende week, **25 Julie 2019**.

Onthou asseblief indien 'n leerling 'n vraestel mis, hulle by die vakonderwyser reëlings tref om dit in te haal.

SELFONE

Ons herinner u aan die staande reëlings tydens eksamens/toetse. (sien die skoolreëls agter in die GSDP-dagboek):

- 'n Leerling mag geen selfoon aan hom/haar as persoon hê nie.
- Die selfoon mag nie in die leerling se sigveld wees tydens 'n eksamen/toets nie.
- Die selfoon moet te alle tye **afgeskakel** wees. (nie op "silent" nie)
- Die leerling sit die selfoon in die boeksak en plaas die boeksak tydens die sessie voor in die klas.
- Indien 'n leerling wel 'n selfoon in sy/haar besit het, mag die departement dit as 'n ongerymdheid sien.
- Verkieslik moet die leerling die selfoon tuis los.

EKSTRA HULP

Indien 'n leerling hulp benodig in 'n vakgebied, moet hy/sy asseblief met vrymoedigheid die betrokke onderwyser(es) nader.

NSC-REGISTRASIE: GRAAD 11 LEERDERS

Ons is besig met die 2019 NSC-registrasies by die Departement. Onthou asseblief om so gou moontlik aansoek te doen vir u kind se **ID-kaart**. Leerders mag nie met hul geboorte sertifikate skryf nie!

(Neem kennis dat sommige banke ook nou hierdie diens lewer).

MATRIEKS 2019 - REKORDEKSAMEN

Die Gr 12s se registrasie is die afgelope week afgehandel. Ons is nou in die pylvak vir die **Rekordeksamen** wat **15 Augustus 2019** begin. Let op dat die Matrieks steeds klas het tot en met 13 Augustus. Moedig asseblief u kind aan om steeds hard te werk, en goed voor te berei vir die eksamen. Daar word nog nuwe werk behandel en hersiening gedoen wat 'n baie belangrike deel van hul voorbereiding uitmaak.

SPORT

Sagtebal: ons dogters o/16-sagtebalspan het begin oefen en speel reeds

19 Julie hul eerste wedstryd. Ons sien uit na 'n lekker seisoen.

Krieket: die o/15-krieketspan, is ingeskryf in die liga. Hulle het hierdie week alreeds begin oefen. Die Gr7s gaan ook in hierdie span speel.

Oefeninge: Dinsdag en Donderdag middag by Hollandie FC van 15:00 - 16:00.

TALENTAAND

29 Augustus 2019: Teken solank hierdie datum in julle agendas aan, en begin solank te woeker met julle talente!

BRUGBOUKOMPETISIE

Ons gaan hierdie jaar vir die eerste keer in die geskiedenis van Dirk Postma, aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs (SAISI) se brugboukompetiesie deelneem.

Dit vind **Saterdag 27 Julie 2019** by Hoërskool Pretoria Noord plaas.

Laerskool

AFWESIGHEDE

Dit is u kind se verantwoordelikheid om die werk wat hy/sy gemis het toe hy/sy afwesig was in te haal. Kommunikeer asseblief met die registeronderwyser as u kind nie by die skool gaan wees nie. Indien 'n leerling vir drie dae of meer afwesig was, moet 'n doktersbrief ingehandig word.

SPORT

Krieket: Ons begin reeds hierdie Donderdag 18 Julie 2019 om te oefen.

Die Gr 0 - 2 KFC Mini-krieketspelers oefen vanaf 13:00 - 13:30 by die skool.

Die Gr 3 - 6 Titans Maxi-krieketspelers oefen vanaf 14:00 - 15:00 by Hollandia FC.

Die Gr 7 - 9 o/15 krieketspelers oefen vanaf 15:00 - 16:00 by Hollandia FC.

U is self verantwoordelik vir die vervoer van u seun(s).

Die skool verskaf die nodige toerusting.

Meisies Mini-hokkie: Die meisies hokkie sal weer op Dinsdag- en Donderdag middag oefen. Van 13:30 - 14:30.

Ons het egter nog afrigters nodig. Indien u ons daarmee wil help, kontak asseblief vir Mnr. Erik Visser.

Kleuterskool

GELUKWENSINGS

Baie geluk aan die **Nap-gesin** met die geboorte van 'n baba-dogterjie, en ook aan die **De Wit-gesin** met die geboorte van 'n baba-seuntjie. Mag julle baie vreugde van jul verbondskinderjies beleef. Ook geluk aan die boeties en sussies in die gesinne.

EKSTRA BENODIGHEDE

Onthou asseblief om die volgende saam met u kleuter skool toe te stuur.

1 Pak "wetwipes" - Juf Tanja se klas

1 Boks "tissues" en 1 handoekrol - Juf Christina se klas

1 Pak pleisters - Juf Michelle se klas



INSTITUUT VIR
CHRISTELIKE ONDERWYS
AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS

ICO-KUNSTEFEEES 2019

DATUM: SATERDAG, 31 AUGUSTUS 2019

PLEK: GEREFORMEERDE KERK TOTIUSDAL

TEMA: SPORT EN SPEL

Teken / Verf / Beeldhou:

Gr R - gr 3	"Met klouter en klim word ek gou-gou slim"
Gr 4 - gr 7	"Sport laat my brein sterker word"
Gr 8 - gr 12	" 'n Fikse liggaam help my om in die klas my man te staan"

Fotografie:

Gr R - gr 3	My gunsteling buitespel
Gr 4 - gr 7	My gunsteling sportsoort
Gr 8 - gr 12	Enige sport-aksie

Besoek gerus die webtuiste: www.ico.org.za vir die handleiding van die kunstefees.

